## DIE NIE-SENDINGAKTIWITEITE VAN DIE NATALSE SENDING

In Natal was die sendelinge vroeg reeds op alle gebiede van die samelewing besonder aktief. Dat hulle aktiwiteite 'n besondere invloed op Natal in die algemeen gehad het, en terselfdertyd ook in baie gevalle rigtinggewend van aard was, kan nie betwis word nie. So het die Kaapse goewerneur, sir Perigrine Maitland, by geleentheid verklaar dat die sendelinge meer daartoe in staat is om heidense barbare te beheer, as wat soldate dit kan doen.[1]

Dit was eintlik die Amerikaanse sendelinge wat in die vorige eeu in Natal nie hulle aktiwiteite tot die verkondiging van die Evangelie beperk het nie. Hulle het op verskeie gebiede van die samelewing aktief opgetree en so op vele terreine dan ook leiding gegee. Dr. John Philip, die superintendent van die Londense Sendinggenootskap in Suid-Afrika, het in 1834 daarin geslaag om die Amerikaners in die heiden in Suid-Afrika geïnteresseerd te kry.[2]

Die *American Board of Commissioners for Foreign Missions* het op 23 November 1834 aangekondig dat ses sendelinge en hulle eggenotes na Suid-Afrika uitgestuur sal word. Aan die begin van Desember van dieselfde jaar, het hulle uit Boston in die *Burlington* vertrek. Hulle was Daniel Lindley, Alexander Wilson, Newton Adams, Henry Venable, George Champion en Aldin Grout.[3] Van hierdie ses was Wilson, Venable en Lindley vir die „interior mission" aangewys, terwyl Adams, Champion en Grout onder die Zoeloes in Natal sou werk. Laasgenoemde groep het in Desember 1835 in Port Natal aangekom. Die drie in die binneland het later as gevolg van die konflik tussen die Voortrekkers en Mzilikazi, die gebied verlaat en hulle by hulle kollegas in Natal aangesluit. Die moord op Retief en die onsekere toestand wat daar in Natal hierna ontwikkel het, het Wilson en Venable en later ook vir Champion, laat besluit om na Amerika terug te keer. Adams, Lindley en Grout sou egter agterbly en diep spore in die Natalse geskiedenis trap. As geneesheer het Adams groot werk onder die blankes sowel as onder die Bantoe gedoen. As toegeweide sendeling het Grout met besondere bekwaamheid sy pastorale verpligtinge by die Umvoti-reservaat nagekom.

Van die drie was dit eerwaarde Lindley wat die meeste aandag getrek het. As geordende Presbeteriaanse predikant het hy homself ter beskikking van die Voortrekkers gestel. In hierdie hoedanigheid, so het hy gemeen, sou hy ook die Zoeloes van groot diens kon wees.[4] Die Voortrekkers het in hierdie tyd nie die dienste van 'n geordende Hollandse predikant gehad nie. Lindley het sy amp in Januarie 1841 aanvaar. Sy areidsveld sou insluit Natal en die gebiede ten noorde van die Oranje en die Vaal. Lindley

1. Smith, E. W.: *The Life and Times of Daniel Lindley*, 1801-1880, p. 325.
2. Van Riebeeck-Vereniging, Nr. 31. *Letters of the American Missionaries*, 1835-1838. Vgl. 'n brief van dr. Philip aan J. B. Purney. Kaapstad, Mei 1833, pp. 28-45.
3. Brookes, E. H. en Webb, C. de B.: *A History of Natal*, p. 27.
4. *Ibid.*

het tot Oktober 1846 as predikant van die Voortrekkers opgetree. Met sy mooi persoonlikheid en goeie rekord, was hy die aangewese persoon om die siele-arbeid van die Voortrekkers sy verantwoordelikheid te maak.

Tussen die Voortrekkers en die Amerikaanse sendelinge was daar 'n goeie verhouding. In Julie 1840 het die sendelinge onder andere verklaar dat hulle op 'n goeie voet met die Voortrekkers verkeer en dat hulle daarvan oortuig is dat die Voortrekkers entoesiasties is ten opsigte van hulle aktiwiteite onder die Zoeoes.[5] Die Volksraad het waarskynlik in die sendelinge 'n hulpmiddel gesien vir die oplossing van die grondvraagstuk in Natal. Moontlik sou die sendelinge hand kon bysit in die plasing van die groot getal Bantoe in dié gebied. Toe die Volksraad dan ook besluit om die Natalse Bantoe na 'n spesifieke terrein in die suide van Natal te verskuif, is die hulp van die Amerikaanse sendelinge ingeroep. Hulle is gevra om 'n plan uit te werk vir die verskuiwing van die Bantoe na 'n gebied tussen die „Lovo en Omcamas aan de zee kant".[6] Die gedagte is verder uitgespreek om onder die Bantoe in hierdie gebied 'n kaptein of 'n bekwame persoon as magistraat, of selfs 'n sendeling, aan te stel, om as die verteenwoordiger van die Volksraad op te tree. Eerwaarde Lindley het op hierdie versoek van die Volksraad onverwyld positief gereageer. Op 7 April 1841 het hy aan dr. Newton Adams geskryf en die Volksraad se wens aan hom oorgedra. Sou dit miskien vir hom moontlik wees om na die verskuiwing van die Bantoe onder hulle te gaan woon, al sou dit dan ook net tydelik wees?[7] Besonder interessant en terselfdertyd ook vol betekenis is die slotparagraaf van Lindley se brief: „I see clearly that the confidence of the Raad in us all is as great as we have any reason to wish it should be; and I really feel that God has placed us in circumstances *in which we may do more good*, perhaps, than we have ever dared hope we should be able to accomplish".[8] Hierdie is 'n duidelike bewys daarvan dat die sendelinge bereid was om ook op ander terreine in die samelewing hulle deel by te dra. Naas pastorale pligte sou hulle graag ook die algemene welsyn van die blankes hulle verantwoordelikheid wou maak.

Die sendelinge sou natuurlikerwyse ook ingetrek word in die krisistyd wat die anneksasie van Natal vooraf gegaan het. Wat was die sendelinge se houding ten opsigte van hierdie aangeleentheid? Betrokkenheid hier het veral vir eerwaarde Lindley in besonder geraak, hoofsaaklik as gevolg van sy besondere verhouding met die Voortrekkers. By geleentheid het hy verklaar dat hy van 'n ingeligte offisier verneem het dat die Engelse regering aanvanklik van plan was om net Port Natal te annekseer.[9] Persoonlik was hy egter die mening toegedaan dat die hele gebied noodwendig geannekseer sou word. Indien dit sou gebeur, sou dit beslits tot gevolg hê 'n aansienlike toename in die blanke bevolking — meer as wat dit ooit

5. Smith, E. W.: op. cit., p. 215.
6. *Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Natal, Nr.* 1. *Notule van die Natalse Volksraad (met bylae)*, 1838-1845, p. 87.
7. Smith, E. W.: op. cit., p. 217.
8. Ibid., p. 218. Die kursivering is van my.
9. Ibid., p. 224.



*Eerwaarde Daniel Lindley en sy Natalse Kollegas.*
*(Foto: Staatsargief, Kaapstad).*

die geval onder die Voortrekkerbewind sou kon wees, aldus eerwaarde Lindley. Lindley is dan ook wel deeglik in gebeure ten tye van die anneksasie-drama ingetrek. Dit is bekend dat hy toegelaat is om pastorale dienste aan gevange Engelse soldate wat in Pietermaritzburg aangehou is, te verskaf. Ofskoon hy nie toegelaat is om met die gevangenes te gesels nie, het hy hulle tog op hoogte van sake gehou ten opsigte van die militêre maneuwers. George Cato, wat as die leier van die groep erken is, het later gemeld dat eerwaarde Lindley gesing en gebid het, en die nuus aan hulle voorgelees het.[10]

Dit was ook eerwaarde Lindley wat 'n opinie nagehou het oor die besoek van Smellekamp, 'n Hollandse opperkoopman, aan Natal. J. A. Smellekamp was in diens van die Hollandse firma J. A. Klyn en Kie, wat die *Brazilia* met 'n klein lading handelsware aan boord uitgestuur het. Die *Brazilia* het van 26 Maart tot 24 April 1842 in Port Natal aan anker gelê. Aan kaptein Smith het Lindley gemeld dat Smellekamp hom baie aan 'n Nederlandse admiraal herinner van wie hy by geleentheid 'n foto gesien het. Op grond van hierdie inligting het Smith aan Napier gerapporteer dat eerwaarde Lindley Smellekamp as 'n geheime agent van die Hollandse regering geklassifiseer het. In Smith se rapport is daar nie direk na eerwaarde Lindley verwys nie, maar wel na „one of the American Missionaries", wat dan so 'n uitlating met betrekking tot Smellekamp sou gemaak het.

Andries Pretorius het nie gelukkig gevoel oor die sendelinge se houding ten tye van die anneksasie-krisis nie. Hy het geglo dat nie een van die uitlanders in Natal hulle aan die kant van die Republiek geskaar het nie. Hy het aangevoer dat selfs van die Engelse amptenare in diens van die Republiek, hulle in die steek gelaat het: „Some, amongst them German and Frech, turned against them, eventually even Rev. Mr. Lindley acted in a manner which could not be interpreted as anything but hostile".[11]

Dit is waar dat eerwaarde Lindley by verskeie geleenthede met Britse offisiere in gesprek was. Kaptein Smith het onder andere in sy rapporte van verskeie sulke gesprekke melding gemaak. Op 20 November 1842 het hy berig van 'n onderhoud wat hy met Daniel Lindley gehad het, „chiefly to state to me the position in which he stands as regards the Boers, with whose proceedings he appears to wish not to be identified".[12] Wat sy private standpunt nou ook al mag gewees het, hy was altyd uiters versigtig om in sy korrespondensie nie daaroor uitgesproke te wees nie. Aan die begin van die krisistyd het hy dr. Adams selfs gemaan om versigtig in sy optrede en met sy uitlatings te wees. By dieselfde geleentheid berig hy ook aan Adams dat hy aanvanklik gemeen het dat die Voortrekkers hulle eventueel nie teen die anneksasie sou verset nie, maar dat hy heeltemal foutief in hierdie opsig was.[13]

10. Ibid., p. 225.
11. Preller, G.: *Andries Pretorius*, p. 285.
12 Bird, J.: *The Annals of Natal*, deel 2, pp. 79 en 130.
13. Smith, E. W.: op. cit., p. 231.

Die anneksasie van Natal in Augustus 1845 het nuwe bewindhebbers na die gebied gebring. Die sendelinge het gebly en normaalweg hulle gang gegaan. Die diplomatieke agent vir die Bantoe onder die nuwe bewind, Theophilus Shepstone, was sterk gekant teen moontlike inmenging van die sendelinge in staatsaangeleenthede. Die aandeel van die sendelinge in die beskawing van die Bantoe het hy wel deeglik besef, en selfs ook beklemtoon, maar hulle bedrywighede wou hy beslis tot die verkondiging van die Christelike geloof beperk.[14]

Ook graaf Grey, die Engelse koloniale sekretaris, het die belangrikheid van die sendelinge se bydrae op die gebied van opheffingswerk gesien. Volgens hom sou sekuriteit alleen aan die Bantoe gegee kon word deur hulle te beskaaf en industrië onder hulle te stimuleer. Veral ten opsigte van eersgenoemde sou die sendelinge volgens Grey 'n groot verantwoordelikheid hê. Dit blyk vir hom onmoontlik te wees om 'n barbaarse volk te beskaaf sonder dat hulle tot die Christendom bekeer word.[15] Interessant in hierdie verband is eerwaarde John Mackenzie se siening van dié aangeleentheid in sy *Ten Years North of the Orange River*: „As a matter of fact, religion and civilisation always have gone hand in hand in African missions. The missionary endeavours to introduce and exhibit both in his teaching and his life. Religion is the mistress; civilisation her attendant and servant . . . Christianity is the leading agent which is silently working the change".[16] Ook dr. James Stuart, 'n Skotse sendeling, wie se naam baie nou verbonde is aan Lovedale in die Oostelike Provinsie, het in latere jare met graaf Grey saamgestem toe hy verklaar het: „If possible, we avoid doing things twice.. When a man is Christianised, that is when the great change has really taken place in him, he is generally civilised as well".[17]

Dit was eintlik luitenant-generaal Martin West wat die deur vir die sendelinge wyd oopgemaak het om hulle stem ten opsigte van aangeleenthede te verhef wat buite hulle verantwoordelikheid geval het. In Maart 1846 is dr. Adams as lid van die Lokasiekommissie benoem. Die taak van die Lokasiekommissie sou wees om die rondswerwende Bantoes in Natal in bepaalde lokasies te plaas. In Desember van dieselfde jaar is ook eerwaarde Lindley tot lid van die Kommissie benoem, „no doubt because of his known fairmindedness and also, possibly because he was *persona grata* with the actions of the Volksraad".[18] Die Natalse regering sou dus vir Lindley as 'n tussenparty in hulle onderhandelings met die Voortrekkers wou gebruik. Hulle was maar te deeglik daarvan bewus dat dooiepunte oor hierdie lokasies bereik sou word.

Die Amerikaanse sendelinge het dit as hulle plig beskou om die Natalse regering op die gebied van Bantoe-administrasie te adviseer. Aangesien hulle reeds 'n geruime tyd onder die Bantoes van Natal werksaam was, was

14. S.N.A. 1/8/1, p. 10. Shepstone aan Moodie, 26 April 1846.
15. S.N.A. 1/1/1, Nr. 46. Grey aan Smith, 11 Desember 1847.
16. Soos aangehaal deur Molema, S. M.: *The Bantu Past and Present*, p. 222.
17. Ibid., p. 221.
18. Smith, E. W.: op. cit., p. 251.

hulle goed op hoogte van sake met die behoeftes van die Bantoe. Hulle was bevrees dat die regering uit onkunde maatreëls kon tref wat die vervreemding van die Bantoe tot gevolg kon hê. Volgens hulle sou 'n vervreemding uit die aard van die saak tot probleme kon lei. Ten spyte van al hulle pogings om die regering te adviseer, moes hulle tog later by geleentheid verklaar: „We dislike exceedingly to come into collision with the Government, but we have felt called upon to resist such encraochment on the rights of the Natives".[19]

Onder aanvoering van eerwaarde Lindley het die Amerikaanse sendelinge nie geskroom om hulle sterk uit te spreek teen persone en aangeleenthede waarmee hulle dit nie eens was nie. Verwysende na luitenant-goewerneur Pine, skryf hy by geleentheid: „Some of our rulers are worthy of the highest esteem, but I am sorry to say that 'His Honor' is not among them, and I can assure you that he is very clever, very nervous, very fickle, and wanting in courage and *firm* principle".[20] Ten opsigte van die lokasies en hulle administrasie skryf hy by geleentheid: „I did not complain of *injustice* in this system of locations, for there was none to complain of; but I did think this way of settling the Natives the wisest that might have been adopted. It was the easiest way of disposing of the matter for the present, and this may have helped men to see it as the best".[21]

Die Amerikaanse sendelinge het hulle dus die reg veroorloof om hulle oor die Natalse staatsaangeleenthede uit te spreek.

Wat sielebearbeiding betref, wil dit voorkom of die sendelinge van alle genootskappe aan die begin nie veel in Natal kon uitrig nie. Die Anglikaanse biskop van Kaapstad, Robert Gray, het Natal aan die begin van die vyftigerjare besoek, en sy kommer by hierdie geleentheid uitgespreek oor die „massas of heathens and savages, for whose real improvement little, or rather nothing, is done and the steps by which, in the providence of God, this guilty neglect of our Church and Country will, if not immediately remedied, be surely visited in judgement upon us, are to plain to be mistaken". Joseph se uitlating in Oktober 1851 dat „there were not 6 Christian Kafirs in the colony and it was well known that frightful and horrid vices were practised by that people in their natural state",[22] was vir die sendelinge ook geen goeie getuigskrif nie. Gray het dan ook 'n botsing tussen die blankes en die Bantoes binne die volgende drie jaar voorspel.

Dr. Robert Mann, die superintendent vir onderwys in Natal, het in Julie 1864 in 'n verslag aan Shepstone oor Bantoe-onderwysaangeleenthede, 'n baie interessante bewering gemaak. Volgens hom was daar nog 'n skeptisisme onder die Bantoes ten opsigte van die sendelinge se aktiwiteite.[23] Volgens hom het die Bantoes 'n groter vertroue in die sekulêre onderrig van die sendelinge gehad as in hulle godsdiensonderrig. Dié verskynsel

19. Ibid., p. 264.
20. Ibid. Kursief is oorspronklik.
21. Ibid., p. 253. Kursief is oorspronklik. Brief op 10 Januarie 1854 aan die sekretaris van die American Board of Commissioners for Foreign Missions.
22. Colenso, J.: *Ten Weeks in Natal*, p. xxvii.
23. S.N.A. 1/1/4, Nr. 87: Mann aan Shepstone, 25 Julie 1864.

was in só 'n mate aanwesig dat gewone sekulêre skole met meer geredelikheid aanvaar en ondersteun is as wat die geval met die sendingskole was.

Het die sendelinge nou nie miskien in hulle poging om die regte van die Bantoe te beskerm, hulle eintlike verantwoordelikheid, die bekering van die Bantoes tot die Christelike geloof, in 'n mate verwaarloos nie? Hierby kan ook nog gevoeg word die sendelinge se onkundigheid ten opsigte van die Bantoes se kultuur, tradisie en gewoontes. Die stryd wat daar tussen Shepstone en die sendelinge ontstaan het oor die wenslikheid van poligamie onder die Bantoes, is 'n goeie voorbeeld van die gebrek aan begrip by die sendelinge. Shepstone was sterk ten gunste van poligamie omdat, so het hy aangevoer, dit 'n stelsel was wat inherent aan die Bantoe se leefwyse is. Die sendelinge daarenteen het dit as onchristelik beskou.

Die bydrae van die sendelinge in Natal tot die uitbou en vestiging van die beskawing, sal nooit oorskat kan word nie. So dikwels egter, soos dit ook die geval in die res van Suid-Afrika was, is hierdie bydrae in 'n mate, en somtyds ten volle, deur hulle nie-religieuse aktiwiteite oorheers. Dit moes hulle somtyds noodwendig met die regering of ander plaaslike instansies in botsing bring, wat uit die aard van die saak vir die sendingideaal nooit bevorderlik was nie.

Dr. O. Geyser.